ROOIBOK SKIETOEFENING: SONDER RUS

1. Inleiding
Hierdie oefening het ten doel om die jag sonder dooierus as ondersteuning na te boots. Dit bied aan skuts die geleentheid om aan 'n kompetisie deel te neem waar die fynere kunsies van asembeheer en stabiliteit van die liggaam (skietposisie) ingeoefen kan word, asook die optimale benutting van die geweerband.

2. Teiken
Die Rooibok-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk)

3. Universele reëls by skietoefeninge
Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele
Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Kaliber
Enige senterslagkaliber.

6. Visiere of teleskope
Geen beperking op visiere of teleskope nie.

7. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")
- **a.** Vanaf **200 meter** word **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die lê posisie sonder enige bykomende ondersteuning geskiet (verwys na item 18.1.1).
- **b.** Vanaf **100 meter** word **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning geskiet (verwys na item 18.2.1).
- **c.** Vanaf **50 meter** word **drie skote** in **60 sekondes** vanuit die vryhand staanposisie geskiet (verwys na item 18.4.1).

8. Erkenning
Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **27, 32 en 36** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **45**.

Teiken werklike grootte: W x H = 750 x 1000mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Hart:	96 x 102	76	--
V-hart:	57 dia	25	33 %
Sentrale hart/long:	173 x 177	272	350%
Groter long/rugwerwel:	235 x 226	512	670%

Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op 'n afstand sigbaar is nie.